

**18 April**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:1-15**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:15**

**Inspanning sodat God al hoe meer gedank word**

'n Kleipot is nie 'n toonbeeld van krag, groot waarde of veiligheid nie. Ten spyte van kleipotte se inherente swakheid, is kosbare voorwerpe in die Bybelse tyd dikwels in brose potte van klei gebêre.

In 2 Korintiërs 4 gebruik Paulus die beeld van die skat in swak potte om te verduidelik dat die onberekenbaar kosbare skat van die evangelie deur swak en brose mense gedra word. Het u al daaraan gedink om verby die stotterende ouderling of die rustige dominee te kyk en die kosbare skat wat hulle bring, raak te sien?

Elkeen wat die heerlike boodskap van verlossing aan mense probeer bring het, het hom al vasmeloop in onbegrip, moedwilligheid en weerstand. In die Bybelse tyd was dit nog erger. Evangelieverkondigers se lewens is dikwels bedreig. Wanneer dit gebeur, raak mens maklik gefrustreerd en moedeloos.

Ten spyte van teenstand, is daar twee redes waarom ons moet bly voortgaan om die evangelie van Jesus Christus te verkondig. In die eerste plek moet ons aanhou om mense uit die donkerte van die dood na die lig van die lewe te bring. In die tweede plek moet ons God se genadeboodskap bly verkondig sodat die klank van dankbede al hoe magtiger word.

Brose pot, laat jou inherente swakheid jou nie afskrik om God se boodskap te bly uitdra nie. Laat jou dankstem aangevul word deur nog dankgebede van mense wat agterkom hoe kosbaar die skat is wat jy in jou ronddra.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 4*

*Dr EJ de Beer (Laeveld)*